

Haarverlies 2: Mishandeling of skildklier?

September
 Oktober
 2016

IN HIERDIE UITGAWE

- HAARVERLIES – DEEL 2
- *hai*Revolution
- ALOE FEROX OPLEIDING
- GETUIENIS
- GET-A-GRIP
- TIMELESS NIGHT CREAM
- LET NOU MOOI OP!
- WEL EN WEË – HOOFSTUK 8

Mishandeling

Hare wat langdurig in stywe patrone gewef en gevleg word, kan tot permanente haarverlies lei.



Swangerskap

Hormone wat tydens swangerskap afgeskei word, veroorsaak dat hare vinniger groei en minder uitval. Die hormonale veranderinge verleng die aktiewe groeifase en verkort die rusfase van die hare. Die meeste vroue verloor wel 'n aansienlike hoeveelheid hare na die bevalling of nadat hulle ophou borsvoed het, maar dit is te danke aan die hormonale vlakke wat weer normaliseer en nie a.g.v. geboorteskok nie.

Stres

Haarverlies kan ook toegeskryf word aan sielkundige-, medisinale- of hormonale stres (testosteroon uitgesluit). Stresverwante haarverlies is gewoonlik tydelik van aard en kan binne 6 maande herstel word deur die probleem aan te spreek. Behandeling soos bv. chemoterapie kan tot uitermatige haarverlies lei.

Skildklier

Skildklierprobleme kan tot ongesonde hormoonvlakke lei wat haarverlies tot gevolg het. Dit kan 'n negatiewe impak op gewig en gemoed hê wat dan ook gedagtes en denkwyses negatief beïnvloed. Hormoonvlakke kan herstel word deur gepaste behandeling van die skildklier wat ook normale haargroei sal herstel.


HOE GEBEUR HAARVERLIES NOU EINTLIK?

Gesonde hare groei vanuit haarsakkies in die kopvel tydens 'n 2 tot 6 jaar groeisyklus waarna dit los word in die sakkies en uiteindelik uitval. Hierna volg 'n rusfase waarin die haarsakkies voorberei om nuwe hare te produseer. Slegs 'n geringe persentasie van hare is op 'n gegewe tyd in die rusfase. Chemiese wanbalanse in die liggaam veroorsaak dat die rusfase langer word wat nuwe haargroei nadelig beïnvloed. Een van die grootste oorsake van tydelike haarverlies is 'n oor- of onderaktiewe skildklier. Gesonde haargroei is afhanklik van 'n gesonde skildklier. 'n Ooraktiewe skildklier (hipertireose) veroorsaak uitdunning van die hare op die kopvel waar 'n onderaktiewe skildklier (hipotireose) haarverlies oor die hele liggaam kan veroorsaak.

Het jy geweet?

- ✓ Gemoedsveranderinge soos angstigheid, geïrriteerdheid en spanning,
- ✓ die onvermoë om hitte of koue te hanteer,
- ✓ veranderinge in slaappatrone – slaaploosheid of te veel slaap,
- ✓ gewigsverlies of 'n toename in gewig,
- ✓ abnormale menstruasie,
- ✓ pyn en swakheid van die spiere,
- ✓ uitermatige droogheid van die vel of hare,
- ✓ vergeetagtigheid, die onvermoë om te konsentreer of om aandag te gee

kan ook simptome van 'n skildklierprobleem wees!



Die *hai* Revolution stel bestaan uit:



- ✓ 'n *Shampoo* wat geformuleer is met o.a. plant- en kruie-ekstrakte om aktiewe haargroei te stimuleer. Dit reinig jou hare sagkens en verleen dan 'n sy-sagte gevoel aan jou hare.
- ✓ 'n *Conditioner*, vervaardig uit 'n reeks van plant- en kruie-ekstrakte, nie net om haargroei te stimuleer en te vernuwe nie maar ook om hare te versterk.
- ✓ 'n Nie-olierige, strelende *Tonic* saamgestel uit aktiewe bestanddele wat haargroei intensief stimuleer, haarverlies vertraag, hare versterk en ook bloedsirkulasie in die kopvel verbeter.

'n onlangse opname toon dat 40 % van mense wat min of geen opleiding binne die eerste jaar ontvang, hul besighede opgee. Dit is onontbeerlik om jou vaardighede voortdurend op te skerp.

DINK MOOI! MOENIE DIE **WAARDE** VAN **Opleiding** ONDERSKAT NIE!

Jou vaardighede moet vanaf dag een aaneenlopend groei. Die waarde van nuwe vaardighede (verkry uit opleiding) mag dalk nie dadelik sigbaar wees nie, maar oor die langeduur sal jy die vrugte daarvan pluk. 'n Doeltreffende opleidingsprogram sal sukses en groter winste verseker.



Sylvia Gates

Ek sal nou met groter doeltreffendheid die produkte vir my kliënte kan aanbeveel. Ek het ontsaglik baie geleer tydens die opleiding. Ek sal die produkte nou beter aan my kliënte kan verduidelik en ook die mees gepaste produk vir spesifieke probleme kan aanbeveel.

Maryjke Coetzee

Ek het meer geleer van aalwyne en hoe om te verkoop. 'n Mens leer hoe alles in mekaar steek en hoe die produkte gemaak word.

Kayleen van Wyk
My gesondheidswinkel gaan nou Aloe Ferox verkoop, verkoop, verkoop!

Helen La Camera

Dit is beter om te hoor, sien en voel as om deur die handleiding te blaai.

Bespreek nou jou plek vir die laaste kursus van 2016 (5-7 Desember) – Dit is 100% gratis!

GETUIENIS

'n Rukwind het op die 31ste Oktober 2015 my hand in die deur vasgeslaan. Die slag van die deur het die bene in my hand gebreek en oopgeskeur. Die steke is 10 dae na die operasie verwyder. Iemand het voorgestel dat ek Aloe Ferox **Super Aloe Gel** aan die wonde smeer. Ek het die jel aangeskaf en begin gebruik (en gebruik dit nog steeds). Ek het die foto's van my hand voor en na die gebruik van julle produk aangeheg. Almal is verstom oor hoe vinnig my hand herstel het, veral omdat ek al 90 jaar oud is.

Baie dankie vir die wonderlike produk. Ek beveel dit nou vir al my vriende aan.
Nanette Evans (Vertaal uit Engels)

Die foto's kan besigtig word op die aangehegte brosjure.

Gedurende September en Oktober 2016



Get-a-Grip kan tot emosionele welstand bydra. Serotonien tree op as 'n chemiese boodskapper in die brein. Sekere voedselsoorte asook kruie soos St. John's Wort help om die serotonienvlakke van die brein te balanseer wat die algemene gemoedstoestand verbeter. Die kruie bevat plantchemikalieë wat:

- ✓ die serotonienvlakke in die brein stabiliseer en
- ✓ wat emosionele kalmte bewerkstellig.

Timeless Skin **Night Cream** bevog en ontgif jou vel en herstel jou vel se energievakke terwyl jy rus. Die teen-verouderingsbestanddele stimuleer mikrosirkulasie in die vel wat die produksie van kollageen en elastien aanhelp wat benodig word om die velstruktuur ferm te hou. Die sigbare tekens van 'n ouer wordende vel word teengewerk en vertraag tydens hierdie intensiewe voeding van jou vel.





Let nou mooi op!

Hoe om meer wins uit jou bestellings te kry

Meer doeltreffende beplanning van jou bestellings kan jou regtig 'n klomp geld spaar en ons almal weet dat groter besparings beteken groter winste. Jy kan selfs produkte gratis kry deur jou beplanning te verbeter. Hierdie gedeelte fokus dus op hoe jy meer wins uit jou bestellings kan maak deur beter tegnieke toe te pas wanneer jy bestellings plaas.

Die basiese beginsels

Kleinhandelprys (KHP) of Vervaardiger se Voorgestelde Kleinhandelprys is letterlik:

- ✓ die pryse soos dit aangedui is op ons bestelvorms en pryslyste,
- ✓ die prys waarteen ons die produkte aan die publiek en in ons winkel verkoop en
- ✓ die prys waarteen ons aanbeveel dat jy die produkte aan jou kliënte verkoop.

Die groothandelprys (GHP) van 'n produk is altyd 'n bepaalde persentasie laer as die kleinhandelprys (KHP). Jy koop dus aan teen groothandelpryse (GHP) en verkoop dan weer teen kleinhandelpryse (KHP). Dit is ons voorreg en ons grootste begeerte om die produkte aan jou te verskaf teen die mees bekostigbare groothandelprys (GHP). Om die grootste winsgrens te verseker moet jy dus teen die laagste moontlike groothandelprys (GHP) aankoop. Ons 4 groothandelkategorieë is onderskeidelik $\pm 15\%$, $\pm 25\%$, $\pm 30\%$ en $\pm 37\%$ laer as die kleinhandelprys (KHP).

Die kleinhandelwaarde van jou bestelling bepaal in watter groothandelkategorie jou bestelling gaan val. Die hoeveelheid en verskeidenheid van produkte wat jy bestel speel 'n enorme rol in die ware winsgewendheid van jou besigheid.

Tabel 1 illustreer die verskille tussen die 4 groothandelkategorieë.

Tabel 1: Groothandelkategorie-uitleg

Kategorie	Kleinhandelwaarde van jou bestelling	Koste van produkte in vergeleke met KHP	Afleweringskoste
1	Bestellings onder R500	Produkte in hierdie kategorie kos $\pm 15\%$ minder as KHP	Ja
2	Bestellings tussen R500 en R849.99	Produkte in hierdie kategorie kos $\pm 25\%$ minder as KHP	Ja
3	Bestellings tussen R850 en R1099.99	Produkte in hierdie kategorie kos $\pm 30\%$ minder as KHP	Nee
4	Bestellings bo R1100	Produkte in hierdie kategorie kos $\pm 37\%$ minder as KHP	Nee

Maak sin van Tabel 1

1. Jy sal slegs $\pm 15\%$ minder as KHP vir die produkte betaal wanneer die kleinhandelwaarde van jou bestelling onder **R500** is. Jy sal ook moet opdok vir die afleweringsfooi. Ons verwys na hierdie bestellings as groothandelkategorie 1.
2. Indien die kleinhandelwaarde van jou bestelling tussen **R500** en **R849.99** lê, sal jy $\pm 25\%$ minder as KHP vir die produkte betaal. Afleweringskoste word bygevoeg. Hierdie bestellings staan as groothandelkategorie 2 bekend.
3. Bestellings met 'n kleinhandelwaarde tussen **R850** en **R1099.99** sal jou in staat stel om $\pm 30\%$ minder as KHP vir die produkte te betaal. Hierdie bestellings word gratis afgelewer en word groothandelkategorie 3 genoem.
4. Jy sal die minste vir die produkte betaal ($\pm 37\%$ minder as KHP) wanneer die kleinhandelwaarde van jou bestelling bo **R1100** skuif. Hierdie bestellings is groothandelkategorie 4-bestelling en dit word ook gratis afgelewer.

Alles hierbo behoort algemene kennis te wees maar as jy nog meer waarde uit die stelsel wil ontsluit sal jy so bietjie logika en wiskunde moet toepas wanneer jy jou bestellings plaas.

Kom ons kyk na die meer tegniese kant.

Tabel 2 toon die **verandering** in die kospryse aan wanneer 'n bestelling oorskuif na 'n volgende groothandelkategorie. 'n Enkele produk wat R50 (KHP) kos word as voorbeeld vir die demonstrasie gebruik. Die konsep wat gedemonstreer word, bly onveranderd afgesien van die hoeveelheid of verskeidenheid van produkte wat bestel word. Afleweringstekste word nie bygereken tydens bepaling van groothandelkategorieë nie en kom dus nie voor in die **KHP Totaal**-kolom in nie.

Tabel 2. Groothandelkategorieë in werking

Lyn	Groothandelkategorie	Hoeveelheid	KHP	GHP	KHP-Totaal	GHP-Totaal Aflewering uitgesluit	Afleweringstekste	GHP-Totaal Aflewering ingesluit
1	1 (±15%)	9	R50.00	R42.50	R450.00	R382.50	R65.00	R447.50
2	2 (±25%)	10	R50.00	R37.50	R500.00	R375.00	R65.00	R440.00
3	2 (±25%)	16	R50.00	R37.50	R800.00	R600.00	R65.00	R665.00
4	3 (±30%)	17	R50.00	R35.00	R850.00	n.v.t	n.v.t	R595.00
5	3 (±30%)	18	R50.00	R35.00	R900.00	n.v.t	n.v.t	R630.00
6	3 (±30%)	19	R50.00	R35.00	R950.00	n.v.t	n.v.t	R665.00
7	3 (±30%)	21	R50.00	R35.00	R1050.00	n.v.t	n.v.t	R735.00
8	4 (±37%)	22	R50.00	R31.50	R1100.00	n.v.t	n.v.t	R693.00
9	4 (±37%)	23	R50.00	R31.50	R1150.00	n.v.t	n.v.t	R724.50

Maak sin van Tabel 2

- In lyn 1 kan ons sien dat 9 x produkte teen R50 elk, **R450.00** (KHP) kos. Die KHP-totaal van die bestelling is dus onder R500 wat die bestelling in groothandelkategorie 1 (±15%) plaas.
- Indien die hoeveelheid produkte na 10 verhoog word (lyn 2), gebeur iets baie interessant.
 - Die KHP-totaal van die bestelling **verhoog**↑ tot **R500.00** en die bestelling skuif na groothandelkategorie 2 (±25%) wat beter groothandelpryse teweeg bring.
 - Die GHP-totaal **verlaag**↓ van **R447.50** in lyn 1, tot **R440.00** in lyn 2. Wag 'n bietjie. Dit kan sekerlik nie reg wees nie! Beteken dit dat jy minder vir 10 x produkte teen R50 elk kan betaal as vir 9 x produkte teen R50 elk? Ja, jy kan! Laer groothandelpryse het in werking getree toe die bestelling oorgeskuif het na groothandelkategorie 2 wat teweegbring het dat die totale bestelling (met meer produkte) nou goedkoper is.

Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld.

- In lyn 3 kan ons sien dat 16 x produkte teen R50 elk, **R800.00** (KHP) kos. Die KHP-totaal van die bestelling is dus tussen R500 en R849.99 wat die bestelling in groothandelkategorie 2 (±25%) plaas.
- Indien die hoeveelheid produkte na 17 en selfs 18 verhoog word (lyn 4 en 5), gebeur dieselfde ding.
 - Die KHP-totaal van die bestelling **verhoog**↑ wat die bestelling opskuif van groothandelkategorie 2 tot groothandelkategorie 3 (±30%) terwyl die GHP-totaal **verlaag**↓. 'n Verdere voordeel om oor te skuif na groothandelkategorie 3, is dat die afleweringstekste wegval. Nee man, dit kan tog nie reg wees nie! Kan jy regtig minder vir 17 en selfs 18 produkte betaal as vir 16? Weereens, ja, jy kan.
 - Indien jy die GHP-totale van lyn 3 en 6 vergelyk sal jy sien dat 19 produkte dieselfde kos as 16. Sjoel!

Probeer altyd om jou bestellings op te stoot na die volgende groothandelkategorie ten einde hierdie voordeel ten volle te kan benut. Ons Excel-sigblad-bestelvorm sal jou in staat stel om die meeste uit hierdie voordeel te put.

Die Excel-sigblad-bestelvorm

Dit is 'n totaal oorweldigende taak om oor en oor per hand die berekening te doen ten einde vas te stel watter produkte of hoeveelhede jy moet aanpas om jou bestellings oor te skuif na die volgende groothandelkategorie. Ons het, juis vir daardie rede, 'n sigbladbestelvorm (spreadsheet) ontwikkel, wat die proses baie vereenvoudig. Jy hoef letterlik slegs die hoeveelhede van die produkte wat jy wil bestel, in te vul terwyl die sigblad alle bewerkings outomaties doen. Jy kan met een oogopslag die verandering in groothandelkategorieë en groothandelpryse sien wanneer jy produkte of hoeveelhede aanpas. Jy sal dus meer akkuraat kan bestel en beter waarde vir jou geld ontvang. Dit is 'n waarborg wat jy kan glo.

Jy mag dalk voel dat die sigbladbestelvorm te gekompliseerd of onveilig is, maar jy hoef nie besorg te wees nie. Ons beskik oor 'n baie vaardige en uiters vriendelike ondersteuningspan wat jou hier vanuit ons kantore kan ondersteun indien jy enige navrae of probleme het rakende die sigbladbestelvorm. Moenie uitstel nie – gryp nou die geleentheid aan om jou profyt te verhoog.

Skakel of epos gerus vir Gert Ambachtsheer met jou navrae. Tel: 028 7358100 / Epos: gert@af.co.za

Het jy geweet dat daar na raming miljoene troeteldiere in Suid-Afrika is? Is dit nodig om meer te sê oor hierdie veelseggende statistiek en die uitbreiding van jou “kliënte”-basis? Lees nou verder aan die storie van die bekkige diere wat op die Aloe Ferox-aalwynplaas woon. Elkeen van hulle “probleme” is gebaseer op feite, wat ook op mense van toepassing gemaak kan word, en kan gestaaf word deur getuïenisse. Lekker lees – en LEKKER leer!

HOOFSTUK 8

“Dingetjie, moederskap bring baie vervulling,” sê Toiings vir Kleintjie, “maar dit is ’n groot verantwoordelikheid om kuikens gesond groot te kry en hulle stiptelik te laat reageer op jou moederlike aanwysings. Enige dingetjie of diertjie het riglyne, én grense, nodig waarbinne hulle kan funksioneer. Dit laat hulle veilig voel. Jy onthou nog ons gesprek oor instink toe ‘ant Blommie Ta’Maraia se voortuin-aalwyn byna opgevrete het om te help vir haar maagpyn en haar algemene gesondheid? Nou ja, kuikens kan net by hul eie ma leer. En daardie eie ma, is jy.”

Kleintjie kyk intens na Toiings. Hy is só slim, hierdie Toiings, en diep. Sy is bevoorreg.

“As jy so dink, Toiings... en as jy so sê...” Kleintjie kyk ’n bietjie benoud na die agt geel bondeltjies wat met blink ogies vraend na haar kyk. Hulle duik nuuskierig heen en weer onder haar in en uit. Een spring selfs op en pik na die belletjie onder haar bek. Dit gee haar plesier. Hulle is so óúlik... Dis haar kuikens. Hare en Toiings s’n. Sy ontspan. Dan begin sy sekuur haar kuikens aankloek na die donsiemeel wat Ta’Maraia aangedra het.

“Dis reg, my ding,” prys Toiings. “Nét so! Ons hane het een belangrike plig teenoor ons kuikens en dit is om die omgewing, veral die lug, dop te hou vir roofvoëls en betyds te waarsku. Jy het mos al gesien hoe kuikens soos blits kan verdwyn en doodstil bly lê as die haan daardie skerp alarmgeluid maak. Maar die res van die opvoedingstaak, is die hen s’n. Dit is die een plek waar Bella met haar hanskuikens ’n bietjie swaar trek. Sy ken veral nie hoenderkodes om kuikens te waarsku teen gevaar of om hulle nader te kloek na lekkernye of warm slaapkolletjies tussen struik nie. En om te vergoed daarvoor, oorreegeer sy soms om die wesies te beskerm. Dit was dalk nie heeltemal nodig om Mafuta in sy eie erf disnis te gaan byt nie. Al probeer sy haar daad regverdig deur te sê sy het net ’n statement gaan maak vir ingeval Mafuta dit in sy kop kry om ’n kuiken te vang...”

Ta’Maraia kom met die waterbakkie in haar een hand van die kombuis af aan. “Ek het vir jou ’n mengseltjie *Fabulous Fibre Regular* en *Calci-Boost* aangemaak om jou op te bou na die lang sit op die eiers. Julle hene weet nie hoe belangrik dit is om aminosure en kalsium in te kry nie. Ek lees nou die dag dat net één eierdop 2 gram kalsium bevat! En die aminosure bou nuwe liggaamselle. Alle lewende wesens het dit nodig vir hul voortbestaan. Daar is nie minder nie as 34 aminosure in ’n Aloe Ferox-blaar! Kom drink, Kleintjie. ’n Hen verloor ’n groot persentasie van haar liggaamsgewig wanneer sy broei.”

In haar ander hand hou Ta’Maraia die nuwe toevoeging tot die diere van die aalwynplaas: ’n silky, noem sy die harige hoendertjie waarvan die ander hoenders nie altyd weet wat die voorkant en wat die agterkant van die koppie is nie, want sowat van ’n hardos het nog nie een van hulle gesien nie! Bella sê sy het wel in haar skrootwerfdae ’n paar mense met sulke hare gesien – van dié met warmgemaakte karre wat hulle stereo’s oorverdowend deur oop vensters speel terwyl hul getatoeëerde arms by die vensters uithang.

Maar hierdie hoendertjie is nie van daardie soort nie. Sy is baie beskaafd, en “soft-spoken”, noem Ta’Maraia dit. Al het sy ’n besonder hoë stemmetjie wat pas by haar piepklein lyfie.

“Hoe stap Ta’Maraia dan soos ’n mens met ’n missie daar na Dinatjie se uitkykbedjie...?” wonder Toiings hardop.

Voor Toiings en Kleintjie se verbaasde oë skuif Ta’Maraia Dinatjie sag maar ferm eenkant toe en pas die silky-hoendertjie styf langs haar in. “Van nou af, Dinatjie, is jy ousus en jy, patroontjie, is Kleinsus. Jou werk is om te sorg dat Dinatjie weer sin kry in die lewe.”

En asof die pas gedoopte Kleinsus alles haarfyn verstaan, beloer sy Dinatjie versigtig – eers met die een enorme oog en dan met die ander een. Vir ’n oomblik lyk dit asof Dinatjie dit oorweeg om los te trek met ’n geniepsige pik, maar dan skuif Kleinsus blitsvinnig dig teen haar aan en bêre haar deurmekaar koppie veilig onder haar wollerige vlerk.

Word vervolg